'n Oormaat vorming van skuim mag ondervind word wanneer die hoër aanwendingsdosis of oplossing gebruik word tydens toediening. Dit word aanbeveel dat 'n geskikte teenskuimvormende middel vooraf in die vermengingshouer gevoeg word indien dit nodig blyk te wees alvorens **PIRANHA DRY** bygevoeg word.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

1. Gebruik slegs skoon water vir spuitmengsel.
2. Maak altyd seker dat spuitapparaat skoon, vry van afsaksels, ens. is en korrek gekalibreer is voordat bespuit word.
3. Gebruik lae spuitdruk (100 - 200 kPa) om die vorming en wegwaai van spuitnewel te voorkom.
4. **PIRANHA DRY** word geabsorbeer deur onvolwasse bas en die blare van meeste plante en bome. Kontak met dele wat nie volwasse bas op die hoofstam het nie, soos bome jonger as drie jaar kan ernstige gelokaliseerde en getranslokeerde skade veroorsaak. **DAAROM MOET KONTAK MET BLARE, GROEN OF ONVOLWASSE BAS EN VRUGTE DEUR DIREKTE KONTAK OF SPUITNEWEL VERMY WORD. MAAK ALTYD SEKER DAT SLEGS ONGEWENSTE PLANTE BESPUIT WORD.** Moet nie toedien in gesnoeide wingerde en vrugtebome voordat die snoeiwonde behoorlik geseël het nie. **PIRANHA DRY** is 'n nie-selektiewe sistemiese onkruiddoder wat slegs aktief is indien dit op die blare en groen bas van plantegroei toegedien word. Die sigbare effek van **PIRANHA DRY** op behandelde plantegroei is gewoonlik 10-14 dae na behandeling sigbaar maar kan wissel afhangende van weerstoestande. Gebruik **PIRANHA DRY** op aktief groeiende plante wat nie rustend of onder temperatuur- of vogstreming verkeer nie. Reën of besproeiing 'n paar dae voor 'n behandeling, verseker dat die onkruid aktief groei en dat onkruidbeheer optimaal is. Reën of besproeiing binne 6 uur na behandeling kan die doeltreffendheid verminder. Moet nie op swaar stofbedekte onkruidblare toedien nie. Dien **PIRANHA DRY** in hierdie geval slegs toe nadat stof deur reën afgewas is. Aangesien **PIRANHA DRY** geen vooropkoms aktiwiteit op onkruid het nie, sal herhaalde toedienings nodig wees (wanneer alleen toegedien) om seisoenlange beheer te verseker. Verseker dat teikenonkruid volledig blootgestel word aan die bespuiting.

Gebruiksbeperkings

Wanneer **PIRANHA DRY** gebruik word as 'n land voorberei word en saailinge word daarin uitgeplant soos tamaties, tabak of enige ander gewas waarvan die

stammetjie groen en sag is, moet 'n minimum periode van 14 dae verloop tussen bespuiting en die uitplant van die saailinge.

Menginstruksies

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Voeg die korrekte hoeveelheid **PIRANHA DRY** by. Maak die tenk met skoon water vol tot by die verlangde volume. Roer deeglik. In geval van tenkmengsels, moet die bykomende onkruidodder na **PIRANHA DRY** in die tenk bygevoeg word en aanhoudend geroor word tydens toediening.

Toediening

Maak altyd seker dat spuittoerusting skoon en vry van roesplekke en stof is. Verwyder aan- paksels bv. reste van benatbare poeiers in spuittenks voor gebruik. Voorkom die gebruik van modderige of brak water wat 'n hoë kolloïdale inhoud het wat afkomstig is van grond met 'n hoë organiese materiaalinhoud. Spuittoerusting moet akkuraat onder veldtoestande gekalibreer word voor toediening. Dit is nie nodig om **PIRANHA DRY** toe te dien tot die punt van afloop nie maar 'n egalige eweredige plantbedekking is noodsaaklik. **EGALIGE TOEDIENING IS NOODSAAKLIK VIR GOEIE RESULTATE.**

Grondtoediening

PIRANHA DRY kan deur middel van konvensionele grondsputtoerusting (trekker gemonteerde balke, rugsakspuit) toegedien word. Grondsputtoerusting met geskikte spuitpunte wat 'n bespuitingsvolume van 30-600 l/ha gee, word aanbeveel vir optimale bedekking. Waar spuitstofwegdrywing 'n probleem is, moet die druk nie 2 bar oorskry nie. Om spuitstofwegdrywing te voorkom moet teen 'n druk soos aanbeveel vir 'n spesifieke spuitpunt, gespuut word.

Lugtoediening

PIRANHA DRY kan met 'n vliegtuig toegedien word mits die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word. Lugtoediening mag slegs gedoen word deur 'n goedgekeurde plaagbeheeroperateur geregistreer in Veld (I); Lugtoediening (Wet No 36 van 1947), en wat 'n geregistreerde en korrek gekalibreerde vliegtuig gebruik en wat die spuitmengsel toedien in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard 10118: Die Lugtoediening van Landboumiddels.

Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en dat die verlies van spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus noodsaaklik dat die volgende vereistes nagekom word.

Toerusting

- Gebruik geskikte verstuivingstoerusting (hidroliese spuitneuse of wentelende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking van die teikengebied sal lewer en wat die minste verlies van spuitmengsel deur wegdrywing sal verseker.
- Die toediener moet 'n stelsel van spuitneuse gebruik wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe spanwydte sal lewer.
- Al die spuitneuse en spuitkoppe moet binne 75 % van die vliegtuig se vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels in die vlerkpunte se warreling te beperk.

Toedieningsvereistes

- Minstens 30 l spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien **PIRANHA DRY** nie teen 'n laer toedieningsvolume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien **PIRANHA DRY** teen 'n laer volume toegedien word tydens lugtoediening as wat hier aanbeveel is nie.
- 'n Druppelbedekking van 40 tot 60 druppels per vierkante sentimeter moet op die teiken herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 mikron word aanbeveel. Verseker dat die lewer van fyn druppels (met 'n VMD wat kleiner is as 150 mikron) tot 'n minimum beperk word.
- Die spuitbalk moet op 'n hoogte van drie tot vier meter bokant die teiken gehandhaaf word.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig klim, aan die bopunt van 'n draai is of tydens 'n duik, of in skuinsvlug is nie.
- Dien toe voordat die gewas te welig groei aangesien die bedekking van die onkruid verminder sal word.

Meteorologiese toestande

- Die verskil in die lesings van die nat- en droëboltermometerlesings soos bepaal met 'n swaaighrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Moenie tydens onstuimige, onstabiele weerstoestande of gedurende die hitte van die dag toedien wanneer stygende en dalende konveksiestrome voorkom nie.
- Moenie toedien tydens omgekeerde temperatuurtoestande nie, d.w.s., toediening in of bokant die inversielaag.
- Moenie toedien indien die windspoed 15 km/uur oorskry nie.

Algemeen

- Sorg dat die lande akkuraat gemerk is en die lugtoediener presies weet watter lande gespuut moet word.
- Verkry versekering van die lugtoediener dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir doeleindes van weerstandbestuur, is **PIRANHA DRY** 'n groepkode G onkruidodder. Enige bevolking onkruidе kan sommige onkruidе bevat wat natuurlik weerstandbiedend is teen **PIRANHA DRY** en ander groepkode G onkruidoddere. Indien hierdie groepkode onkruidoddere herhaaldelik toegedien word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die bevolking oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruidе sal waarskynlik nie deur **PIRANHA DRY** of enige ander groepkode G onkruidodder beheer word nie.

Ten einde weerstand teen onkruidoddere te vertraag:

Verminder die uitsluitlike en herhaaldelike gebruik van onkruidoddere behorende tot dieselfde groepkode.

Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van middels van verskillende onkruidodder groepkodes.

Integreer chemiese middels en verbouingspraktyke in onkruidbeheerprogramme.

Vir meer inligting oor weerstandbestuur raadpleeg die registrasiehouer

Toedieningshoeveelhede

PIRANHA DRY sal die meeste eenjarige onkruidе wat van saad ontkiem, naopkoms beheer in situasies soos onbewerkte landerye, voor plant van gewasse, verminderde

of deklaagbewerking, meerjarige wingerd- en boomgewasse en in industriële gebiede.
Dien **PIRANHA DRY** volgens die groeistadium van onkruid toe. Gebruik die hoër dosis aanbevelings in die reeks vir ouer en meer gevestigde onkruid in die spesifieke groeistadium.

1. BEHEER VAN MEERJARIGE ONKRUIDE

1.1 SKADELIKE ONKRUIDE		DOSIS		OPMERKINGS
BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	kg/ha	% Oplossing	
<i>Sesbania punicea</i>	rooi-Sesbania	1,5	0,8	Saailingplante kleiner as 1 m hoog: Gebruik 'n 1,05 % oplossing. Groot struik: Sny en spuit hergroeï met 'n 1,05 % oplossing wanneer 1 m hoog. Dien toe in lente of somer. Groot bome: Sny tot 50 cm, laat nuwe groei van ten minste 50 cm toe voor toediening. Klein boompies: Dien direk op die blare toe. Somer toediening Spuit op nuut laag afgesnyde stompe bo die grondoppervlakte. Die stompe moet ongeveer 10 cm bo grond oppervlakte afgesny word. Die stompe moet bespuit word met die oplossing to by die punt van afloop. Spuit die lower van saailinge en plante tot en met 1 m in hoogte.
<i>Solanum mauritianum</i>	luisbos	1,0	0,8	
<i>Acacia dealbata</i>	silwerwattel		0,8 1,0 + 50 ml Actipron Super / 10 l spuit oplossing	
<i>Mimosa pigra</i>	reuse sensitiewe plant	3,0	1,5	

1.2 GRASSE		DOSIS		OPMERKINGS
BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	kg/ha	% Oplossing	
<i>Cynodon dactylon</i>	Gewone kweekgras	3,0	--	Somerreënvalgebied: Dien toe in herfs of somer op aktief groeiende plante. Indien hergroeï voorkom spuit met 1,05 % oplossing. Winterreënvalgebied: Dien toe soos bo in herfs.
		4,6	--	
<i>Eragrostis curvula</i>	Oulandsgras	1,6	0,7	Dien toe op aktief groeiende plante in somer of herfs.
<i>Paspalum dilatatum</i>	Gewone Paspalum	3,0	1,4	Dien toe in somer tydens blom maar voor saadval. Indien hergroeï voorkom spuit met 1,05 % oplossing.

1.2 GRASSE		DOSIS		OPMERKINGS
BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	kg/ha	% Oplossing	
<i>Paspalum paspalodes</i>	Kweek –Paspalum	4,1-4,6	--	Dien toe in somer tydens blom maar voor saadval. Indien hergroeï voorkom spuit met 'n 1,4 % oplossing of 1,9 kg/ha. Gebruik die hoër dosis in die winterreënvalgebied
<i>Panicum maximum</i>	Gewone buffelsgras	3,0	1,4	Dien toe in somer op aktief groeiende plante wat nog in die vroeë ontwikkeling stadium is. Indien hergroeï voorkom, spuit met 'n 1,05 % oplossing.
<i>Pennisetum clandestinum</i>	Kikoejoe	2,1	0,7	Dien toe in somer op aktief groeiende plante. Indien hergroeï voorkom spuit met 0,7 % oplossing.
<i>Setaria megaphylla</i>	Bosbuffelsgras	3,0	1,4	Dien toe in herfs of somer op aktiefgroeïende plante. Indien hergroeï voorkom spuit met 'n 1,05 % oplossing.
<i>Sorghum halepense</i>	Johnsongras	2,1	1,0	Dien toe in somer of herfs. Indien hergroeï voorkom spuit met 1,05 % oplossing.
<i>Sorghum verticilliflorum</i>	Gewone wildesorghum	1,0	0,7	Dien toe op aktief groeiende plante in somer of herfs.

1.3 UINTJIES		DOSIS		OPMERKINGS
BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	kg/ha	% Oplossing	
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie	3,0	---	Dien toe in somer voor blomstadium. Indien hergroeï voorkom spuit met 1,0 % oplossing of 1,4 kg/ha (beste resultate in Feb / Maart).
<i>Cyperus rotundus</i>	Rooiuintjie	3,0	---	

2 BEHEER VAN EENJARIGE ONKRUIDE

2.1 Breëblaaronkruid.

Die volgende breëblaaronkruid sal beheer word teen die dosisse en groeistadiums soos hieronder aangedui.

PIRANHA DRY [kg / ha]			
0, 5 – 1,0 kg/ha		1,0 kg/ha	1,6 kg/ha
1 – 12 blaar		12 blaar tot Voorblom	Blom
<i>Alternanthera pungens</i>	Kakiedubbeltjie	<i>Conyza albida</i>	Vaalskraalhans
<i>Amaranthus hybridus</i>	Kaapse misbredie	<i>Cucumis spp</i>	Wildekomkommer
<i>Amaranthus spinosus</i>	Doringmisbredie	<i>Datura ferox</i>	Grootstinkblaar
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Rooimisbredie	<i>Datura stramonium</i>	Stinkblaar
<i>Arctotis venusta</i>	Witgousblom	<i>Gnaphalium subfalcatum</i>	Roerkruid
<i>Argemone subfusiformis</i>	Witblom bloudissel	<i>Galinisoga parviflora</i>	Knopkruid
<i>Bidens pilosa</i>	Knapsekêrel	<i>Gisekia pharnaceoides</i>	Gisekia
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie	<i>Lepidium africanum</i>	Peperbossie
<i>Chenopodium ambrosioides</i>	Kruiehondebossie	<i>Pentzia grandiflora</i>	Stinkkruid
<i>Chenopodium carinatum</i>	Groenhondebossie	<i>Physalis angulata</i>	Wilde appelliefie
<i>Chenopodium murale</i>	Muurhondebossie	<i>Pseudognaphalium luteo-album</i>	Groenbossie
<i>Cirsium arvense</i>	Kanada-dissel	<i>Richardia brasiliensis</i>	Tropiese Richardia
<i>Citrullus lanatus</i>	Karkoer	<i>Spergula arvensis</i>	Sporrie

2.2 Grasse

Die volgende grasse sal beheer word teen die dosisse en groeistadiums soos hieronder aangedui:

PIRANHA DRY [kg / ha]			
0,7 – 1,0 kg/ha		1,45 kg /ha	
1 blaar tot voorblom		Blom	
<i>Avena fatua</i> <i>Avena spp</i> <i>Briza maxima</i> <i>Bromus diandrus</i> <i>Ehrharta longifolia</i> <i>Eleusine indica</i> <i>Eragrostis curvula</i> <i>Hordeum murinum</i>	Gewone wildehawer Wildehawer Bewertjies Predikantsluis Hawersaadgras Jongosgras Oulandegras Wildegars	<i>Lolium multiflorum</i> <i>Lolium temulentum</i> <i>Panicum schinzii</i> <i>Poa annua</i> <i>Rhynchelytrum repens</i> <i>Secale cereale</i> <i>Sorghum bicolor</i> <i>Tragus racemosus</i>	Italiaanse raagras Drabok Soetbuffelsgras Wintergras Natale rooipluim Rog Wilde graansorghum Grootwortelsaadgras

2.3 Breëblaaronkruidе en Grasse

PIRANHA DRY [kg/ ha]			
0,7 – 1,0 kg/ha		1,0 – 1,6 kg/ha	1,6 – 1,9 kg/ha
1- 12 blaar		12 blaar tot vooropblom	Blom
<i>Arctotheca calendula</i> <i>Chamaesyce hirta</i> <i>Chamaesyce inaequilatera</i> <i>Chloris virgata</i> <i>Commelina benghalensis</i> <i>Conyza canadensis</i> <i>Conyza albida</i> <i>Coronopus didymus</i> <i>Crotalaria sphaerocarpa</i> <i>Emex australis</i> <i>Fumaria muralis</i> <i>Hibiscus cannabinus</i> <i>Hibiscus trionum</i> <i>Ipomoea purpurea</i> <i>Paspalum urvillei</i> (seedlings)	Soetgousblom Roimelkbossie Gladdekruipmelkkruid Witpluim Chloris Wandelende Jood Kanadese skraalhans Vaalskraalhans Peperkruid Mielie Crotalaria Kaapse dubbeltjie Duiwelkerwel Wildestokroos Terblansbossie Purperwinde Langbeen Paspalum	<i>Portulaca oleracea</i> <i>Raphanus raphanistrum</i> <i>Phalaris minor</i> <i>Schkuhria pinnata</i> <i>Senecio burchellii</i> <i>Sesamum triphyllum</i> <i>Setaria pallide-fusca</i> <i>Setaria verticillata</i> <i>Sonchus oleraceus</i> <i>Tagetes minuta</i> <i>Tribulus terrestris</i> <i>Veronica spp.</i> <i>Zea mays</i> <i>Triticum spp</i>	Gewone porselein Ramenas Kleinsaadkanariegras Kleinkakiebos Geelgibossie Wildesesam Rooiborselgras Klitsborselgras Gewone sydsisel Langkakiebos Dubbeltjie Veronica Opslag mielies Opslag koring

2.4 Breëblaaronkruidе en grasse

PIRANHA DRY [kg / ha]			
1,3 – 1,6 kg/ha		1,6 – 2,6 kg/ha	2,6 – 3,0 kg/ha
1 – 12 blaar		12 blaar tot voorblom	Blom
<i>Cleome gynandra</i> <i>Digitaria sanguinalis</i> <i>Echinochloa crus-galli</i> <i>Echium lycopsis</i> <i>Hypochoeris radicata</i> <i>Panicum maximum</i> <i>Paspalum urvillei</i>	Snotterbelletjies Kruisvingergras Hanepootmannna Pers-Echium Skaapslai Gewone buffelsgras Langbeen Paspalum	<i>Plantago lanceolata</i> <i>Polygonum aviculare</i> <i>Sida cordifolia</i> <i>Solanum nigrum</i> <i>Urochloa panicoides</i>	Kleintongblaar Voëlduisendknoop Hartblaartaaiman Nastergal Tuin Urochloa

2.5 Breëblaaronkruid

PIRANHA DRY [kg / ha]		
0,7 – 3,0 kg/ha	3,0 kg/ha	3,0 kg/ha
1 – 12 blaar	12 blaar tot voorblom	Blom
<i>Erodium moschatum</i>		Turknael

2.6 Breëblaaronkruid

PIRANHA DRY [kg / ha]		
3,0 kg/ha	3,0 kg/ha	3,0 kg/ha
1 – 12 blaar	12 blaar tot voorblom	Blom
<i>Malva parviflora</i> <i>Oenothera stricta</i>		Kiesieblaar Nagblom

2.7 Breëblaaronkruid

PIRANHA DRY [kg / ha]		
2,6 – 3,0 kg/ha	2,6 – 3,0 kg/ha	2,6 – 3,0 kg/ha
1 – 12 blaar	12 blaar tot voorblom	Blom
<i>Rumex angiocarpus</i>		Steenboksuring

2.8 Breëblaaronkruid

PIRANHA DRY [kg / ha]		
1,9 kg/ha	3,83 kg/ha	1,45 % Solution:
1 – 12 blaar	12 blaar tot voorblom	Blom
<i>Acacia saligna</i>		Goudwilger

NOTAS

Vir die beheer van *Malva parviflora* [kiesieblaar] en *Oenothera stricta* [nagblom] [kleiner as 12 blaar stadium], spuit **PIRANHA DRY** teen 1,6 kg/ha in kombinasie met simasien SC teen die aanbevole dosis vir die grondsoort.

Vir die beheer van *Erodium moschatum* [Turknael] (laaggroeiende biotipe) in wingerde en sagtevrugte dien 1,0kg/ha **PIRANHA DRY** voor bot toe. Hergroei moet 1 tot 6 weke later met paraquat plus simasien SC gespuit word. Verwys na die paraquat en simasien SC etikette vir hoeveelhede en aanbevelingsinligting.

3. SPESIFIEKE AANBEVELINGS

PIESANGS: Beheer matreels vir die beheer van piesang bossiekte		
STAP 1: Gebruik eers Piranah Dry soos hieronder aanbeveel		
STAP 2: Dien agterna Apache Gold 350 SC toe		
PIESANGS Stap 1 Alreeds besmette plante met <i>(Nanoviridae: Babuvirus)</i>	Piranah Dry Vir die vernietiging van plante alreeds besmet met Piesand-bossiekte 116 g produk per 1 ℓ water	Om alreeds besmette plante te vernietig , maak oplossing van Piranah Dry teen dosis van 116 g product per 1 ℓ water Dien 5 mℓ tot 15 mℓ van die oplossing toe as inspuiting in die psuedostam . Gebruik die hoer dosis vir groter plante
PIESANGS Stap 2 Piesang plantluis <i>(Pentalonia nigronervosa)</i> Vir Voorkoming van Piesangbossiekte <i>(Nanoviridae: Babuvirus)</i>	Apache Gold 350 SC 100 mℓ per 100 ℓ water	Dien 35 mℓ tot 60 mℓ van die oplossing per pseudostam by middle van stam isuiting . Gebruik hoer dosis op groter plante. Waar plante reeds besmet is moet die behandeling met glifosaat soos hiebo aangedui, toegedien word alvorens Apache Gold 350 SC toegedien word.

GEWAS	OPMERKINGS
3.1 Amandels, Aalwyn, Appels, Appelkose, Avokados, Piesangs, Swartbessie, kersies, Sitrus, Koffie, Grenadella, Koejawels, Hops, Kiwi-vrug, Lietstjies, Makadamianeute, Mango's, Nektariens, Olywe, Papaja, Perskes, Pere, Pekanneute, Pynappels, Pruime, Turksvy, Pruimedante, Kweper, Tee.	1. Verwys na onkruidtabelle vir dosisse van PIRANHA DRY . 2. Beskerm jong bome met groen bas van direkte bespuiting.
3.2 Wingerde en vrugtebome.	Dien toe voor bot op wingerde ouer as 2 jaar. Jonger wingerde en bome met groen bas moet afgeskerm word. Rig bespuiting na onkruid. Moet nie toedien in gesnoeide wingerde of vrugtebome voordat die snoeiwonde be- hoorik geseel het nie. DEKGEWASVERNIEGTIGING IN WINGERDE: Dien PIRANHA DRY toe teen 0,7 - 1,6 kg/ha. Dien toe 10 dae of langer na snoei maar voor bot.
3.3 Sisal	Toedienings kan in kwekery en volwasse plante gedoen word.
3.4 Bewerkte lande	Gebruik PIRANHA DRY na-oes van vorige gewas. Moet nie teikenplante voor 6 ure na toediening versteur nie (voor plant van gewasse) en voordat nuwe gewasse opgekom het.

3.5 BOSBOU GEBRUIKE

SITUASIE	ONKRUID-SPEISIE	DOSIS		OPMERKINGS
		kg / ha	% OPLOSSING (kg PIRANHA DRY IN 100 ℓ WATER)	
ONKRUIDBE-HEER IN GE-VESTIGDE PLANTASIES	<i>Acacia mearnsii</i> (swartwattel)	1,45	0,7	Dien toe op jong bome tot en met 1,0 m hoog.
	<i>Solanum mauritianum</i> (luibos)	1,0	0,7 0,35	Groot bome: Sny tot 50 cm, laat nuwe groei van ten minste 50 cm toe voor toediening. Klein boomplies: Dien direk op die blare toe.
	<i>Rubus</i> spp (braam)	2,84	1,4	Sny ranggroei in winter. Dien toe wanneer nuwe groei meer as 0,5 m hoog is. Indien hergroei voorkom, spuit met 'n 1,05 % oplossing.
1. VOORBRANDE Die voorbereiding van 'n algehele brandbaan of brandstrokke. 2. BAANVOORBEREIDING VIR BOOM- SAAILINGE Situasies geskik vir bogemelde sluit in: a) Natuurlike of onversteurde veld. b) Hervestiging van plantasies na afkap van bome.	In beide situasies (1 en 2) sal die onkruidpopulasie bestaan uit beide eenjarige en meerjarige onkruide. Vir sommige van die onkruid wat beheer word, verwys na onkruidlys	1,9	1,05	'n Minimum spuitmengsel van 200 ℓ/ha moet toegedien word wanneer die 1,05 % spuitoplossing gebruik word. 'n Opvolgbespuiting mag nodig wees om hergroei van sommige hardnekkige meerjarige onkruide te beheer. Gebruik 'n 1,05 % oplossing op 'n kolbespuitingsbasis.

SITUASIE	DOSIS	OPMERKINGS
<i>Eucalyptus grandis</i> (bloekomboom) vir die voorkoming van kreupelbos.	2,4 % oplossing 3,3 % oplossing	Enkelstam stompe. Dien 50 ml op-lossing toe op 'n kaal kambium-area onmiddellik na afkap. Meerstammige stompe. Dien 100 ml oplossing toe op 'n kaal ten volle blootgestelde kambiumlaag onmiddellik na afkap. Indien hergroei voorkom, spuit met 'n 1,4 % oplossing.

3.6 LAASTE OORSTAAN SUIKERRIET Vernietiging

CROP	DOSAGE	REMARKS
Mimumumbewerking.	4,1 – 5,1 kg /ha	Laat hergroei plaasvind tot 'n hoogte van 45 – 1,0 m in hoogte [spruitvorming stadium] voordat 'n spuitoplossing van 100 – 400 l/ha toegedien word as 'n naopkom bespuiting op die suikerrietblare.
Kombinasie bewerking	2,0 – 4,1 kg /ha.	Gebruik die hoër dosis op gronde wat vrugbaar is en waar moontlike hergroei mag voorkom. Spuit die PIRANHA DRY oplossing op die suikerriet sodra die blare ongeveer 0,35 – 1 m in hoogte is. Laat ongeveer 5 - 10 dae verloop alvorens die suikerriet stoele se wortels op 'n diepte van 10 – 15 cm onder die grond oppervlak met in snyapparaat of soortgelyke apparaat af gesny word.
Kol vernietiging.	5,0 % oplossing	Die behandeling sal sekere grasse en breëblaar onkruidе ook beheer. Dien spuit oplossing direk op suikerriet stoele toe.
Voorplant land voorbereiding.	0,5 – 1,5 kg /ha	Eenjarige onkruidе: Spuit op aktief groeiende onkruidе. Meerjarige plante: Verwys na tabelle onder deel 1 vir toediening aanwysings.
Kol bespuiting buite geplante land.	1,0 % oplossing.	Dien toe as direkte bespuiting in gebiede waar probleem onkruidе voorkom buite die land.

GLIFOSAAT TOLERANTE GEWASSE

SOYABONE

Algehele Toediening.

PIRANHA DRY, kan na-opkoms van gewas en onkruid, bo-oor die sojabone vanaf die grondkraakstadium tot blomstadium toegedien word. Laat 'n minimum van 14 dae tussen laaste toediening en oes toe.

Maksimum toelaatbare **PIRANHA DRY** toedieningshoeveelhede:

- Gesamentlike total per seisoen vir alle toedienings: 5,3kg /ha
- Voorplant, vooropkomstodienings: 1,5kg /ha
- Totale gewastodiening vanaf grondkraak tot blomstadium: 3,7kg /ha
- Maksimum voor-oes-toediening : 1.0 kg /ha

MIELIES

Algehele Toediening

Algehele Toediening van **PIRANHA DRY** kan slegs gedoen word vanaf die grondkraak-stadium tot en met die V8 stadium van die mielie plant (wanneer die EERSTE plante agt blare het waarvan die blaarskede die hoofstam volledig onvou).

Die getal sigbare blare kan meer as agt wees. Vermyn algehele toedienings indien die plante meganies beskadig kan word deur die toedieningstoerusting. Algehele toediening na die agtblaar-stadium kan lei tot belaagde oeste asook vertraagde rypwording van die mielie. Gerigte bespuiting met val-arms word aanbeveel na die V8 groei stadium. Vir die beste resultate gebruik platwaaier of "Twin jet" spuitpunte wat geskik is vir laer watervolumes, 100-200 l / ha. Waar opvolgbespuitings gedoen moet word om spesifieke onkruidе (bv *Cyperus esculentus*) te beheer, moet die tweede toediening nie binne 10 dae na die eerste toediening volg nie. Indien die mielies teen hierdie stadium bereik het, moet die opvolgbespuiting gerig gedoen word.

Gerigte Toediening

PIRANHA DRY bespuitings kan na die V8 stadium gedoen word, sonder om enige meganiese gewasskade te veroorsaak. Vir die beheer van sekere breëblaaronkruidе kan **PIRANHA DRY** met die aanbevole dosis van 2,4D 480 SL or MCPA gemend en bespuit word, volgens aanbeveling op etiket.

DOSISSE:

A. Eenjarige grasse en breëblaaronkruidе:

- 1,0 kg / ha toegedien voor 100 mm hoog of agtblaar groeistadium van onkruid.
- 1,34kg / ha toegedien indien onkruidе tussen 100 en 200 mm hoog of voor die onkruid 12 blaar groeistadium bereik het.

B. Onkruid wat 'n opvolgbespuiting en/of verhoogde dosis nodding het vir doeltreffende beheer:

- Wandelende Jood – *Commelina benghalensis*
1,34kg / ha toegedien op 3 blaar stadium opgevolg met 1,34kg /ha (toegedien 10 – 20 dae later).
- Purperwinde – *Ipomoea purpurea*
1,34kg / ha toegedien op 4-5 blaar stadium opgevolg met 1,34kg /ha (toegedien 10 – 20 days later).
- Gewone porselein – *Portulaca oleracea*
1,34kg / ha toegedien voor blom.
- Gewone dubbeltjie – *Tribulus terrestris*
1,34kg / ha toegedien voor eerste blomme.

C. Twee en Meerjarige onkruid:

- 1,34kg / ha toegedien voor 100 mm hoog of voor die 8 blaar groeistadium.
- Behalwe geeluintjie – *Cyperus esculentus*
1,34kg / ha toegedien op 3-4 blaar stadium opgevolg met 1,34kg / ha (toegedien 10 – 20 days later).

Nota: Die volgende onkruidspesies sale nie teen hierdie aanbevole dosisse beheer word nie.

Gewone kweekgrass – *Cynodon dactylon* (sien hier onder)

Buffelsgras – *Panicum maximum*

Akkerwinde – *Convolvulus arvensis*

Paspalum – *Paspalum spp.*

Nagblom – *Oenothera stricta*

Cynodon dactylon (gewone kweekgrass) beheer:

Spuut die plante met PIRANHA 360 SL of **PIRANHA DRY** teen die aanbevole dosis voordat enige voor-plant grondbewerking plaasvind, as die kweek aktief groei. Volg dieselfde aanbevelings as vir die beheer van *Cyperus esculentus* (geeluintjie) binne die gewas. 'n Laatseisoen kolbespuiting sodra die gewas volwasse en besig is om af te droog word aanbeveel.

NOTAS:

SOYBONE

Bogenoemde aanbevelings vir die toediening van **PIRANHA DRY** mag gevolg word vir sojaboonkultivars wat die Glifosaat tolerante geen bevat. Die etiketaanbevelings moet nagekom word wanneer PIRANHA 360 SL of **PIRANHA DRY** as 'n voor plantbespuiting toegedien word, of FARMAG METOLACHLOR 960 as 'n voor-opkomstoeidening aangewend word.

MIELIES

Bogenoemde aanbevelings vir die toediening van **PIRANHA DRY** mag gevolg word vir mieliekultivars wat die Glifosaat tolerante geen bevat. PIRANHA 360 SL of **PIRANHA DRY** kan as 'n voor-plantbespuiting toegedien word vir voor plant onkruid beheer en kan gewissel word met PARAQUAT 200 tussen seisoene. By mielies behoort FARMAG ACETOCHLOR 700, FARMAG METOLACHLOR 915, ATRAZINE 500, FARMAGINE SUPER 600 of SCORPION as 'n na-plant, voor-opkomstoeidening aangewend word om vroeë beheer van onkruid te verkry, asook om weerstand teen glifosaat te beveg.

PIRANHA DRY – tenkmengsels vir gebruik in Glifosaat tolerante mielies:

PIRANHA DRY mag voor-opkoms van mielies in tenkmengsels met FARMAG ACETOCHLOR 700 of 2,4 D 480 SL, toegedien word. Na opkoms van die mielies kan FARMAG ACETOCHLOR 700, 2,4D 480 SL, MCPA of alachlor in tenkmengsels met **PIRANHA DRY** toegedien word as algehele (voor V8 stadium) of gerigte bespuitings (na V8 stadium). Raadpleeg die verskaffer se etiketaanbevelings. Tenkmengsels met enige ATRAZINE mengsel word nie aanbeveel nie.



FARM-AG

PIRANHA DRY

Reg No/ Nr L 9593 Act No/ Wet Nr 36/1947

A Water Soluble Granular non-selective foliar, systemic herbicide for the control of a wide range of annual and perennial grasses, broadleaf weeds and certain woody perennials as listed in agricultural, non-crop and industrial areas.

May also be used in program for Banana bunchy top control.

'n Wateroplosbare korrel nie-selektiewe, blaartoegediende sistemiese onkruidodder vir die beheer van verskeie eenjarige en meerjarige grasse, breëblaaronkruid en sekere houtagtige onkruid, soos gelys, in landboukundige situasies, nie gewasse en industriële gebruik.

Mag ook in program vir piesang bossiekte beheer gebruik word.

HRAC HERBICIDE GROUP CODE

G

HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL:

Glyphosate 686 g a.e/kg (as Glyphosate ammonium salt 757 g/kg)

Manufacture Date:
Vervaardigingsdatum:

Batch No.:
Lotnommer:

CONTENTS / INHOUD

kg

SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL PARTICULARS
SIEN INGESLOTE VOUBILJET VIR VOLLE BESONDERHEDE

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER:

Cedar Falls Properties 130 (Pty) Ltd.

Co. Reg.No. 2006/031383/07

61 Marshall Drive, Old Mill Industrial Park, Mount Edgecombe, South Africa, 4300 • Tel: 031 003 3486

• **POISON INFORMATION CENTRE: 082 446 8946**

UN No.: 3077



CAUTION
VERSIGTIG



